# HOOFSTUK I.

## SEKERE ASPEKTE VAN OPVOEDING.

### A. LEWENS- EN WÊRELDBESKOUING EN OPVOEDING.

In die opvoedkunde word die standpunt deurgaans gehandhaaf dat dit die belangrikste funksie van die opvoeding is om die geestesgoedere van die opvoedende geslag aan die opkomende geslag oor te dra en van hierdie geestesgoedere word die lewens- en wêreldbeskouing waarin die mens verklaar wat sy opvatting van die oorsprong, wese en bestemming van die lewe is,[1] van oorheersende belang geag en wel in so'n mate dat daar selfs sprake is van 'n drang by die mens om dit deur middel van die opvoeding op sy nakomelinge oor te plant.[2] Gevolglik is daar so'n innige verband tussen opvoeding en lewens- en wêreldbeskouing dat „geen ware opvoeding moontlik en denkbaar (is) sonder die rigtende en steunende krag van 'n lewensbeskouing nie"[3] en „selfs die nietigste stukkie praktyk die uitvloeisel is van 'n bepaalde lewensbeskouing".[4]

Nou kan die veelvuldige lewens- en wêreldbeskouings wat gehuldig word, in die breë in twee groepe verdeel word, t.w. dié wat Godgerig of Christelik is en dié wat mensgerig of humanisties is, en ter aanvang word hier dan verklaar dat die beskouings wat nou verder gaan volg, gefundeer sal wees in die Christelike, en meer in die besonder, die Calvinistiese beskouing wat die selfgenoegsaamheid en die absolute soewereiniteit van God bely.[5]

---

1) Coetzee, J. Chr.: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 28.
2) Venter, E.L.J.: Die verband tussen kerk en skool in Suid-Afrika, 109.
3) Coetzee, J. Chr.: Loc. cit.
4) Coetzee, J. Chr.: Op. cit., 81.
5) Coetzee J. Chr.: Die eerste beginsels van die Calvinistiese opvoeding, 8.

Na hierdie standpuntstelling word daar nou oorgegaan tot die bepaling van die opvoedingsbegrip, die wese en omvang van die opvoeding in die algemeen en van die sedelik-godsdienstige opvoeding as kulminasiepunt van alle opvoeding om af te sluit met een en ander in verband met die opvoedeling en die opvoeder.

## B. BEPALING VAN DIE BEGRIP.

Opvoeding kan omskryf word as 'n aktiwiteit waaraan twee soorte mense deel het, nl. die opvoeders wat aktief onderrig gee en die opvoedelinge wat aktief leer en onderrig ontvang.

Die opvoeders is in die reël volwasse, d.w.s. selfstandig, onafhanklik, ryp en sedelik vry terwyl die opvoedelinge daarteenoor gewoonlik onvolwassenes is wat nog onselfstandig, afhanklik, onryp en sedelik gebonde is, en die aktiwiteit word deur die opvoeder daarop toegespits om die onvolwassene tot volwassenheid te voer.[1]

Die begrip opvoeding behels dus die gedagte dat die opvoedeling opwaarts gevoer, na bo gelei, word deur 'n aktiwiteit wat die vorming van die hele mens ten doel het om hom uit 'n staat van onmondigheid en ruheid te bring na 'n staat van mondigheid, sedelike vryheid en geestelike selfstandigheid en in hierdie sin word dit 'n bewuste, opsetlike, doelgerigte en planmatige werksaamheid.[2]

## C. WESE VAN DIE OPVOEDING.[3]

Omdat opvoeding met die vorming van die mens te doen het, kan dit uit alle gesigspunte wat op die lewe

1) Coetzee, J. Chr.: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 82.
2) Bavinick, H.: Paedagogische Beginselen, 14.
3) Coetzee, J. Chr.: Op. cit., 90 e.v.

en wese van die mens as skepsel van God betrekking het, benader word, en by haas alle opvoedkundiges is dit gebruiklik om te onderskei tussen besondere en algemene (of ook enger en ruimer) aspekte van die proses.

I. Besonder.

Opvoeding is 'n tweepolige proses waarby opvoedeling en opvoeder betrokke is, sodat dit moontlik is om die proses vanuit die een of die ander pool te benader waaruit daar dan besondere aspekte van die opvoeding na vore tree. So kan daar gespreek word van groei en ontwikkeling en van aan- en inpassing by die omgewing wanneer die proses van die opvoedeling se kant gesien word. Gesien van die kant van die opvoeder kan daar weer sprake wees van voorbereiding, leiding, vorming en toerusting. Oor hierdie aspekte word dan nou meer in besonderhede gehandel.

1. Groei en ontwikkeling.

Die mens word na liggaam en gees hulpeloos en hulpbehoewend, onvolwasse en onvolgroeid gebore en hy moet langs die weg van groei en ontwikkeling tot volwassenheid kom om sy liggaamlike en geestelike vermoëns ten volle te kan benut.

Die liggaam moet versorg word deur hom te voorsien van die nodige voeding, reiniging, verpleging, kleding, huisvesting, oefening e.d.m. sodat dit kan groei en ontwikkel en algaande moet hy nie net leer om self verantwoordelikheid te aanvaar vir die versorging van sy liggaam nie, maar ook om dit te respekteer as tempel van God. Daarvoor is nodig dat hy kennis sal dra van wat bevorderlik en wat nadelig is vir liggaamlike welsyn sodat hy die goeie lewensgewoontes wat aan hom geleer word, kan handhaaf en slegtes vermy.

So ook moet daar gesorg word vir die voeding en gesondheid van die gees sodat dit kan ontwikkel en groei en

sy psigiese vermoëns en funksies geleidelik en ordelik tot volle ontplooiing kan kom.

Hierdie groei en ontwikkeling van die onvolwassene tot 'n staat van volwassenheid vind nie outomaties plaas. nie, dog word bewerkstellig deur planmatige opvoeding waaraan opvoeder en opvoedeling aktief meewerk.

2. Voorbereiding, aan- en inpassing.

Die mens word in 'n omgewing gebore en vir sy bestaan en voortbestaan moet rekening gehou word met die eise wat die omgewing aan hom stel: biologies, fisies, ekonomies, kultureel, sosiaal, nasionaal.

Sy onvolwassenheid verg nou dat hy voorberei moet word vir die lewe in hierdie omgewing sodat hy, wanneer hy tot volwassenheid gekom het, daarby aan- en ingepas sal wees en toegerus sal wees om hom in die omgewing te handhaaf deur aan die eise daarvan te voldoen of dit te wysig na sy eise.

Hy moet so voorbereid en ingepas wees dat hy 'n volwaardige, nuttige en bruikbare lid van die gemeenskap sal wees wat sy deel tot die gemeenskaplike heil kan bydra; wat die goeie sedes, tradisies en gewoontes van die geslag vóór hom in ontvangs kan neem en dit aan die geslag ná hom kan oordra; wat deel sal hê en neem aan die uitbouing en verwesenliking van die kulturele en nasionale aspirasies van sy volk; wat wellewend in liefde en harmonie met sy medemens kan verkeer.

Hierdie voorbereiding van die onvolwassene tot volledige aan- en inpassing by sy omgewing word deur die opvoeding van die opvoedeling bewerkstellig en ook hiervoor is die groei, ontwikkeling en benutting van al sy vermoëns en geestelike funksies onontbeerlik.

3. Leiding, vorming en toerusting.

Die mens is 'n beelddraer van God, deur Hom geskape

om Hom lief te hê bo alles en sy naaste soos homself deur die skone te soek, die ware lief te hê, die goeie na te streef en sy wil te soek in die wil van God.

Om dit te bereik, moet die onvolwassene gelei word om die Woord van God as norm te aanvaar wanneer hy moet oordeel oor wat skoon is, wat reg is en wat goed is. Sy karakter moet gevorm word tot dié van 'n persoonlikheid wat goedheid en deug verwerf het deur innerlike ontwikkeling en ook deur uiterlike leiding na die goeie weg wat hy op aarde moet bewandel om Gode welbehaaglik te wees.

Samevattend kan dus gesê word dat die opvoedeling vir sy groei en ontwikkeling, sy voorbereiding en aanpassing, sy leiding en vorming nodig het liggaamlike, verstandelike, emosionele, sosiale, nasionale, kulturele, estetiese, maar veral sedelike en religieuse opvoeding.

Die ware opvoeding van die mens bestaan egter nie „net in die biologiese en sosiale aanpassing, die groei en ontwikkeling van die gees, die vorming en ontwikkeling van die verstand tot waarheid, van die wil tot die goeie en van die smaak tot die skone nie. Dit moet die hele mens self tot sy voorwerp van behandeling hê; dit moet agter lewe en gemeenskap, agter liggaam en gees, agter kennis en verstand, agter wil en smaak deurdring en die persoonlikheid self probeer vorm tot 'n mens van God wat volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."[1]

Die opvoeding mag nie stuksgewys geskied met die verwagting dat die somtotaal 'n gebalanseerde, afgeronde persoonlikheid tot resultaat sal hê nie, want die opvoedeling is 'n organiese eenheid en wanneer een aspek van

---

1) Coetzee, J. Chr.: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 98 e.v.

die persoonlikheid tot ontplooiing kom, moet al die ander tegelykertyd in samehang ontplooi, m.a.w. die hele mens met al sy gawes, met al sy kragte, met alle aspekte van sy bestaan moet tot volwassenheid opgevoed word. Nie die een of die ander moet geskied nie, maar die een en die ander. Die opvoeding, soos die mens self, moet 'n aaneenlopende, organiese eenheidsproses wees.[1]

II <u>Algemeen</u>.

Met alles wat oor die besondere aspekte van die opvoeding gesê is, is die saak egter nog nie afgehandel nie, want die mens is verder nog onderhewig aan talryke invloede hoofsaaklik voortkomende uit die omgewing wat vormend op sy lewe inwerk.

Waterink plaas hierdie invloede buite die opvoedingsfeer en meen dat hulle beskou moet word slegs as invloede of op sy meeste as vormende invloede.[2] Coetzee noem sodanige beïnvloeding informele, onopsetlike, insidentele opvoeding in teenstelling met die formele opvoeding wat opsetlik en doelgerig is.[3] Bavinck heg daarteenoor groot waarde aan hierdie faktore en beskou hulle as die basis en die binding van die onderskeie besondere opvoedingsaspekte, tot 'n harmoniese eenheid.

Hy sê: „Natuur en omgeving, gezin en maatschappij, beroep en stand, kerk en staat, toestanden en omstandigheden, woorden en daden, hebben invloed op een mensch van zijne geboorte aan en drijven hem in eene bepaalde richting. Naast ouders en onderwijzers zijn er naar Herbarts woord vele ‚verborgene Miterzieher' bij het

---

1) Waterink, J.: Theorie der Opvoeding, 512.
2) Ibid: 105.
3) Coetzee, J. Chr.: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 89.

kind aan het werk. Wij leven en groeien allen op in eene rijke wereld van zienlijke en onzienlijke dingen en worden, bewust of onbewust, door haar gevormd en geleid. Wel is waar heeft het woord opvoeding gewoonlijk en terecht eene engere beteekenis. Maar de groote, vormende kracht, die er onbewust en onopzettelijk van de gansche omgeving en maatschappij op den enkelen mensch uitgaat, mag daarom niet over het hoofd worden gezien. Veeleer vormt deze van de opvoeding in eigenlijken en engere zin de onderstelling en grondslag. Deze laatste zou in de lucht hangen, zij zou een aggegraat blijven en atomisch in brokstukken uiteen vallen, indien zij niet by den voortdurig gedragen en aaneengesloten werd door die talrijke invloeden en werkingen, welke zouden ophouden van heel de gemeenschap en van het gansche verleden op het opkomend geslacht uitgaan. En van opvoeding van mensch en menschheid zou en redelijkerwijze geen sprake kunnen zijn, als achter die faktoren, die bewust of onbewust op ons inwerken, God niet stond, de Schepper van hemel en aarde, die de eigenlijke opvoeder is van heel het menschelijke geslacht en alle draden van het wereldbestuur in zijn hand houdt." 1

Welke standpunt ook al gehuldig word, bly hierdie aangeleentheid vir die huislike en die kosskoolopvoeding van die opperste belang, omdat die opvoedeling in hierdie instellings uit die aard van die saak gedurig en sterk onder sulke invloede verkeer en al sou hierdie insidentele opvoeding of beïnvloeding dan maar 'n neweproduk van die lewe in hierdie gemeenskappe wees, is dit nogtans daar en moet daar kennis van geneem en rekening mee gehou word. Daarbenewens kan hierdie invloede en faktore nie alleen georganiseer word om op te voed nie, maar word 'n opvoedeling dikwels doelbewus daaronder geplaas

---

1) Bavinck, H.: Paedagogische Beginselen, 11 e.v.

om opgevoed te word in welke gevalle hier dan wesentlike opvoeding ontstaan, ook in die besondere sin.

Dit is dan ook veral t.o.v. hierdie aspek van die opvoeding waar die kosskool hom van die gewone skool onderskei, omdat hy daardie omgewingsfaktore en -middele doelbewus en georganiseerd aanwend om sy leerlinge verder op te voed om sodoende die leemte wat ontstaan, omdat die huislike opvoeding feitlik verdwyn, aan te vul, terwyl die gewone skool hoofsaaklik op sy leerplan en leerstof aangewys is vir sy opvoedingstaak.

## D. SEDELIK-GODSDIENSTIGE OPVOEDING.

Uit wat voorafgegaan het, is dit reeds duidelik dat die hele mens opgevoed moet word na alle fasette van die persoonlikheid: liggaamlik, verstandelik, emosioneel, esteties, kultureel, sosiaal en nasionaal, maar hierdie terreine van die opvoeding is in die eerste instansie mensgerig en die moontlikheid bestaan dat dit daar kan eindig of nie ver genoeg gevoer kan word nie, veral in die kosskool waar die ouer grotendeels van die toneel verdwyn. Verder is die sedelik-godsdienstige vorming via gedragsregulering vir die skool, en veral vir die kosskool, van soveel aktuele belang dat dit nodig geag word om hier, en ook verder, besondere aandag daaraan te skenk as kulminasiepunt waartoe alle opvoedingsaktiwiteite harmonies moet saamwerk en saamvloei.

### I Wilsvorming.

Soos reeds gemeld, streef alle opvoedingsaktiwiteite in organiese samewerking daarna om te probeer om die persoonlikheid te vorm tot 'n mens van God wat volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus[1], en met

1) Kyk bl. 5.

goeie werk word bedoel „net die wat uit 'n ware geloof volgens die Wet van God alleen tot sy eer gedoen word en nie die wat op ons goeddunke of op insettinge van mense gegrond is nie." Die goeie hou dus verband met die innerlike gesindheid van die mens, nl., om die Wet van God te gehoorsaam tot sy eer, en hierdie innerlike gesindheid word geopenbaar in sy gedragsuitinge as uitinge van sy wil.[1]

Die sedelik-godsdienstige vorming van die opvoedeling behels dus die uiteindelike doelstelling, die ideaal, van die opvoeding. Terselfdertyd gee dit vir die opvoedeling vorm aan sy eie lewensideaal en verg dit van hom om sy gedrag te reguleer tot doeltreffende verwesenliking van die ideaal.[2]

Omdat die sedelike opvoeding die opvoedeling nou daartoe wil lei om sy lewensideaal te vind in die strewe na die goeie en deugsame deur sy wil in die wil van God te soek en die Woord van God te aanvaar as norm vir sy handel en wandel, is dit 'n wesentlike deel van die godsdienstige opvoeding en is dit gerig op die wils- en karaktervorming via die gedragsuitinge.

## II Gewetensvorming as produk van sedelike opvoeding.

Die gewete is 'n natuurlike gawe wat die mens in staat stel om toestande en handelinge uit die oogpunt van goed en kwaad te beoordeel. In ruimer sin kan dit vertolk word as sedelike besef en in enger sin as sedelike oordeel.[3]

Die gewete oordeel volgens norme wat verwerf word en daarvan besit neem langs die geleidelike weg van die op-

---

1) Coetzee, J. Chr.: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 141.
2) Welton, J. & Blandford, F.G.: Principles and methods of moral training with special reference to school discipline, 7.
3) Coetzee, J. Chr.: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 142 e.v.

voeding of lewenservaring[1] en aangesien dit 'n middel is wat die mens kan gebruik om die sedelikheid van sy gedragsuitinge te toets, moet dit ontwikkel en van die juiste norme voorsien word.[2]

Die ontwikkeling van die gewete kan só benader word:[3]

Die aanvanklike gedragsuitinge van die opvoedeling is impulsief en staan onder die toesig van die opvoeder wat dit beheer deur dit goed of af te keur en by hierdie uitwendige bepaling van sy gedrag berus die opvoedeling, omdat hy die opvoeder wil behaag. Algaande ontwikkel sy gedragsuitinge tot gewoontes (wat goed of sleg kan wees), en die gewoontes later weer tot gedragspatrone wat op hul beurt uitloop op deugde of euwels en so kom hy tot 'n deugsame of goddelose lewe na gelang die gewoontes goed of sleg was en die tug, wat aangewend is om die gedragsuitinge, gewoontes e.d.m. te rig en in die regte bane te lei, geslaag het of nie.

Hand aan hand met hierdie uiterlik waarneembare ontwikkeling, groei die gewete by wyse van 'n innerlike ontwikkelingsproses.

Deurdat sommige van sy gedragsuitinge goed- en ander afgekeur word om sekere redes wat afgelei is van norme, word die opvoedeling bewus daarvan dat sy gedragsuitinge ook 'n kwaliteit het wat hulle aanneemlik of verwerplik maak, m.a.w. sy sedelike besef, d.i. sy gewete, kom tot ontwaking en so stadigaan begin hy mede-verantwoordelikheid vir sy gedrag te aanvaar en tree die opvoeder geleidelik meer op die agtergrond, aangesien die opvoedeling nou reeds uit die opvoeder se houding (die uitdruk-

---

1) Waterink, J.: Theorie der Opvoeding, 410.
2) Coetzee, J. Chr.: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 142 e.v.
3) Welton, J. & Blandford, F.G.: Principles and methods of moral training with special reference to school discipline, 21 e.v.

king op die gelaat, die blik in die oog, e.s.m.) kan aflei hoedanig die kwaliteit van sy dade was. Hiervandaan vorder hy verder totdat hy self verantwoordelikheid aanvaar vir sy gedrag met 'n gewete wat gevorm is en van 'n norme voorsien is om 'n sedelike oordeel oor sy gedrag te vel.

En indien die opvoeder die gesag vir sy beheer oor die opvoedeling se gedrag uit die Wet van God put, die tug met liefde beoefen en 'n godvrugtige lewe lei, sal die opvoedeling kom tot innerlike aanvaarding van dieselfde Wet as sy lewensnorm en sy behae nou vind in die uitlewing daarvan onder bewuste toepassing van die gewetenswerking.[1]

Sedelike opvoeding is 'n wesentlike deel van die godsdienstige opvoeding, en word dit gerig op die wils- en karaktervorming, kan dit gewetensvorming as resultaat hê en kom die opvoedeling tot dissipline en selfdissipline, tot tug en selftug.[2]

## E. DIE OPVOEDELING:

Reeds in die bepaling van die opvoedingsbegrip is die opvoedeling getipeer as onvolwasse, onselfstandig, afhanklik en onryp en dit is nou nodig om meer bepaald te let op sy wese en die basiese vereistes vir ewewigtige groei en ontwikkeling tot volwassenheid.

### I. Sy wese.[3]

Na sy wese is die opvoedeling 'n wordende, onvolwasse mens met die volgende kenmerke wat as noodsaaklikheid van die opvoeding dien:

#### 1. Onrypheid.

Die onrypheidstoestand dui hier nie op 'n statiese, [illegible] onvolwassenheid nie, of op

1. Waterink, J.: Theorie der Opvoeding, 409.
2. Kyk bl. 60.
3. Coetzee, J. Chr.: Vraagstukke van die opvoedkundige politiek, 8 e.v.

negatiewe hoedanigheid van onvolkomenheid nie of op magte wat moontlik eers later mag ontstaan nie, maar dit sluit ook 'n positiewe element in, nl. die vermoë of geskiktheid om te groei en ontwikkel wat 'n essensiële voorwaarde is van die opvoedende werking, want as daar geen vermoë tot groei was nie, was daar ook nie die moontlikheid of noodsaaklikheid van opvoeding nie.

Word die staat van onrypheid nader ontleed, kom daar drie kenmerke van opvoedkundige betekenis na vore, nl. hulpeloos- en hulpbehoewendheid en plastisiteit.

a) Hulpeloosheid en hulpbehoewendheid.

Alle onrype wesens is hulpeloos en hulpbehoewend en van alle lewende wesens is die mens by geboorte die hulpeloosste en die hulpbehoewendste sodat hy in 'n toestand van volslae afhanklikheid verkeer. Hierdie algehele afhanklikheid van die kind vorm die onmiddellike grondslag van die ouerlike versorging, d.w.s. van die voeding sowel as die opvoeding, waarsonder hy sou sterf.

b) Plastisiteit.

Naas die toestand van hulpeloosheid en sorgbehoewendheid openbaar die onrype mens die kenmerk van plastisiteit waarmee bedoel word die vermoë om --

(i) uit die ervaring te leer en wat geleer is te bewaar vir latere aanwending;

(ii) handelinge te wysig in die lig van vorige ervarings;

(iii) gesindhede te ontwikkel wat die vorming van gewoontes, wat essensieel is vir die menslike lewe, moontlik maak.

2. Die langdurigheid van die wordende toestand.

Van alle wesens bly die mens die langste na sy geboorte afhanklik van andere en ook hierdie verskynsel het sy betekenis vir opvoeder sowel as opvoedeling.

Vir die opvoeders (die ouers) lê dit die verpligting op om vir die kind te sorg -- hom te voed en op te voed. Dit wakker hulpvaardigheid, liefde, toegewydheid, arbeidsaamheid, selfverloëning en selfopoffering by hulle aan en werk op velerlei wyse sedelik op hulle in.

Vir die opvoedeling bring dit die gevoel van afhanklikheid en ootmoed en die besef dat die mens nie slegs 'n enkeling is nie maar ook deel is van 'n geheel, nl. die gesin en die gemeenskap. Die langdurigheid van die toestand is ook 'n aanduiding van sy voortreflike plek in die ry van skepsele, omdat die laer wesens wie se meerdere hy is, 'n veel korter afhanklikheidsduur beleef. Ten slotte skep dit die geleentheid vir langer en deegliker voorbereiding vir die lewe.

3. <u>Die struktuur van die mens.</u>

Die mens is deur God geskape as 'n tweeledige wese met 'n liggaam en 'n siel wat tot 'n eenheid verbind is, en albei is vatbaar vir opvoeding.

Na die liggaam is die mens voorsien van 'n organisme bestaande uit sintuie, senuwees en die brein wat by uitnemendheid geskik is vir die opneming en verwerking van indrukke wat vir die opvoeding van belang is, veral op die gebied van die kenlewe.

Dit is egter op die gebied van die sielelewe waar die mens uitstyg bo ander lewende wesens, want behalwe dat dit saam met die plant en die dier die gawe van die lewe geniet, is dit deur die Skepper ook geseën met die selfbewuste lewe waaroor slegs die mens beskik. As gevolg daarvan is hy nie net 'n kennende, voelende en strewende wese nie, maar ook 'n redelike, sedelike en godsdienstige wese en dit maak hom opvoedbaar.

## 4. Die mens as beeld van God.

In die laaste instansie is daar nog die belangrike feit dat die mens deur God geskape is tot kroon van sy skepping en wel na sy beeld met 'n eie roeping, plek en taak, en as redelik-sedelike wese as lid van die gesin, die geslag, die volk en die mensheid. En tot vervulling van sy taak en roeping as lid van die gemeenskap moet hy opgevoed word.

In verband hiermee moet egter ook die sondige staat waarin die mens verkeer, gesien word, aangesien dit ook sy opvoedkundige implikasies het. Die mens is wel beeld van God, dog hy is 'n gevalle beeld aangesien hy deur die sonde van die eerste mensepaar reeds van sy geboorte af self met sonde besmet is. Deur die genade van God het daar ten spyte van die sondeval tog nog iets goeds in die mens oorgebly waarvan die rede, wat hom onderskei van die dier, die belangrikste is. Daarbenewens het God, ook in sy genade, die moontlikheid van verlossing deur die soenverdienste van Christus daargestel vir hulle wat in Hom glo[1], waardeur dit moontlik geword het om deur opvoeding die beeld weer meer in ooreenstemming met die oorspronklike te bring. Ook hierdie feit het opvoedkundige implikasies: al is die opvoeding nie 'n funksie van die mens wat noodwendig uit die sondeval en verlossing voortvloei nie, is die opvoeding tog 'n Godgegewe middel om die sonde te bestry en die mens op te hef.

## II. Die basiese geestesbehoeftes van die opvoedeling.

Ondersoek het aan die lig gebring dat net soos wat voedsel, lug, water e.d.m. van basiese belang vir gesonde liggaamlike groei en ontwikkeling is, daar sekere fundamentele geestesbehoeftes is waaraan voldoen moet word indien die geestelike groei en ontwikkeling gladweg moet

---

1 Coetzee, J.Chris.: Die eerste beginsels van die Calvinistiese opvoeding, 16.

verloop sodat die opvoedeling tot 'n ewewigtige, geïntegreerde persoonlikheid kan ontwikkel. Soos wat wanvoeding, voortvloeiende uit gebrek aan kennis en insig t.o.v. die basiese behoeftes van die liggaam gesonde liggaamlike groei en ontwikkeling belemmer en tot uiting kom in die vorm van siekteverskynsels, liggaamlike afwykings en abnormaliteite, so belemmer 'n gebrek aan voorsiening in die basiese geestesbehoeftes die gesonde groei en ontwikkeling van die gees wat tot uiting kom in die vorm van abnormale gedragsverskynsels, geesteshoudings, e.s.m., want bly hierdie behoeftes onbevredig, dan volg frustrasie en emosionele spanning (angs, vrees of woede) wat mag uitloop op emosionele ontwrigting en ontsporing.[1] Aangesien abnormale gedrag dan meermale 'n simptoom is wat aandui dat in een of meer van die basiese behoeftes nie na behore voorsien word nie, is kennis en insig t.o.v. hierdie aangeleentheid van groot belang vir die huislike opvoeding, vir die skool, en veral vir die kosskool, om afwykende gedragsuitings te kan diagnoseer en remedieer deur na te gaan of en in hoeverre daar leemtes bestaan en indien wel, weë en middele te prakseer en aan te wend om die leemte te vul of die oorsaak te elimineer.

Verskeie teorieë is in hierdie verband opgebou, dog dit word taamlik algemeen aanvaar dat emosionele stabiliteit die grondvereiste is en dat dit op sy beurt weer berus op die bevrediging van die behoefte aan ouerlike aandag en belangstelling, erkenning as persoonlikheid, veiligheid en gelding (d.w.s. erkenning van prestasies, die opdoen van nuwe ervarings, e.s.m.)[2].

By hierdie behoeftes kan nog gevoeg word die behoefte aan bewegingsvryheid. Nie alleen is dit die bevinding

---

1. Van Vuuren, J.A.J.: 'n Ondersoek na die onderliggende spanninge van gemotiveerde wangedrag by kinders, 14.
2. Van Rooyen, A.E.D.: Die gebroke huisgesin en wangedrag by gekommitteerde kinders, 23 e.v.

van die Behaviorisme dat inkorting van die bewegingsvryheid reeds by die suigeling woede wek nie,[1] dog die praktyk leer ook dat kinders in verset kom teen maatreëls wat na hul oordeel stremmend inwerk op hul bewegingsvryheid. Daarby is dit algemeen bekend dat bewegingsvryheid net soos die vryheid van spraak en godsdiensvryheid tot die basiese menseregte gereken word.

Ten slotte noem Coetzee nog die basiese behoefte aan simpatie en begrip van die medemens. „Die mens het sonder enige twyfel vir 'n gesonde en volle ontwikkeling van sy wese om hom nodig 'n kring van mense wat hom onder alle omstandighede, of dit met hom goed dan sleg gaan, sal verstaan, verstaan nie met verstandelike klaarheid nie, maar met die liefdevolle hart wat nie na verklaring vra nie, maar wat intuïtief meevoel en meeleef".[2] Op die keper beskou, is dit egter eerder 'n middel wat emosionele stabiliteit bevorder, omdat dit meehelp om te voorsien in die behoeftes aan veiligheid, gelding, erkenning en vryheid, en as sodanig is dit eerder 'n middel wat in die behoeftes voorsien en is dit 'n fundamentele kenmerk van die gesindheid wat die opvoeder teenoor die opvoedeling behoort te openbaar,[3] dog kan dit nie op sigself aanvaar word as 'n fundamentele geestesbehoefte nie.

Hieruit volg dat emosionele stabiliteit wat 'n voorvereiste is vir gesonde groei en ontwikkeling, verkry word in en verseker word deur 'n gemeenskap wat bestendig is, omdat dieselfde lewensnorme gedurig geld en konsekwent gehandhaaf word, waar die gesinheid gekenmerk word deur liefde[4], begrip en meelewendheid en waar die indiwidu hom, sonder oormatige regimentering en roetinering, vry en veilig voel sodat hy hom kan uitleef ter bevrediging

1. Watson, J.B.: Behaviorism, 122.
2. Coetzee, J.Chr.: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 41.
3. Kyk bl.25.
4. Kyk bl.25.

van sy behoeftes.

III <u>Die Adolessent.</u>

Die ontwikkeling van die groeiende, wordende opvoedeling op weg na volwassenheid is 'n kontinue, geleidelike eenheidsproses, dog hierdie voortdurende wordingsverloop kan tog in verskillende stadia verdeel word met min of meer kenmerkende ontwikkelingseienskappe. 'n Voorbeeld van so'n indeling is die volgende:

1. Die kleinkinderjare: a) Die suigelingsjaar.
   b) Die peuterjare (2de en 3de jaar).
2. Die kinderjare: a) Die kleuterjare (4de tot 6de jaar).
   b) Die laerskooljare (7de tot 12de jaar)
3. Die adolessensie: a) Vroeë adolessensie (13de tot 17de jaar).
   b) Later adolessensie (bo die 17de jaar).[1]

Waar dit hier om die opvoeding van die leerling op die middelbare skool gaan, is dit wenslik om nader kennis te maak met sy ontwikkelingsfase en behoeftes, veral ook waar die kosskoolleerling in hierdie belangrike fase die ouerhuis as veilige hawe waarop hy kan terugval as die storms woed, moet ontbeer.

Uit die indeling hierbo blyk dat die adolessent op die stadium tussen die kinder- en die volwasse jare geplaas word, d.w.s. hy verkeer in die oorgangstadium en staan derhalwe op die drumpel van volwassenheid. As sodanig openbaar hy sekere kenmerke en kan die adolessensie getipeer word as die „fase in die ontwikkeling en geleidelike groei van die kind wat in hoofsaak gekenmerk word deur die emosionele losmaking van die huisgesin en alles wat daarmee verband hou: daar is die strewe na selfstan-

---

1. Coetzee, J. Chr.: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 89.

uitgwording, die soek en vind van nuwe belangstellingsvorme, die ontwikkeling van nuwe sosiale verhoudinge.[1]

Hierop moet nou breedvoeriger ingegaan word en dit word gedoen aan die hand van Eduard Spranger se Psychologie der Jeugd[2].

Tot op die adolessente stadium was die jeugdige nog kind met 'n fris, na buite gekeerde realistiek gefundeer in 'n kragtige liggaamlike lewensgevoel waaruit voortvloei 'n gevoel van sekerheid met 'n surplus energie. Na hierdie fisiese toestand van versekerdheid tree die puberteit egter as beginstadium van die adolessensie in en bring sulke diepgaande veranderings en onverwagte skokke met hom mee dat dit al as 'n tweede geboorte bestempel is. Alhoewel die ingrypende veranderinge van hierdie leeftyd grootliks fisiologies gefundeer is, gee ons hier slegs die aandag aan die totaalverandering van die adolessent.

Spranger vat die kenmerke van die nuwe psigiese organisasie saam in drie faktore, t.w.:

1. die ontdekking van die Ek;
2. die langsame ontstaan van 'n lewensplan;
3. inskakeling in die afsonderlike lewensverbande.

1. Ontdekking van die Ek.

Dat die eie Ek gedurende hierdie fase ontdek word, beteken nie dat die kind voor hierdie stadium nie reeds Ek-bewus was nie, dog dit was vir hom so'n spontane egoïsme dat dit nie tot sy bewussyn deurgedring het nie. Ook beteken dit nie dat hy homself nou meteens vind nie, dog die blik word gedurende hierdie stadium na binne gewend om met sigself besig te wees, losgemaak van die buitewêreld. Daarop volg groot eensaamheid en skommelinge

1. Heyns, M.E.: Die houvas van jeugbewegings op die adolessent, 3.
2. Spranger, E.: Psychologie der Jeugd, 41 e.v.

in die gemoedstoestand: oorlopende energie en luiheid, uitgelate vrolikheid en diep swaarmoedigheid, selfsug en selfverloëning, edelmoedigheid en baldadigheid, behoefte aan geselskap en neiging tot eensaamheid, outoriteitsgeloof en revolusionêre radikalisme, aandrif tot handeling en stille oorpeinsing -- hierdie uiterstes wissel mekaar gedurig af.

Hierdie verskynsel besorg baie kwellings, dog dit bied die jeugdige 'n seleksiebasis waar die wordende mens met sigself eksperimenteer om ten slotte in eie vorm na vore te tree.

'n Gevolg van die skommelende gemoedstoestande is dat die jongmens homself nie begryp nie en 'n sterk behoefte voel om begryp te word. Daarby ontwikkel hy oorgevoeligheid sodat hy maklik gekwets voel en maak hy sterker aanspraak op eerbiediging deur andere, terwyl die wordende Ek (waar die volwassene soms deurbreek gevolg deur periodes waar hy nog volslae kind is) weer sug na selfstandigheid.

2. Ontstaan van 'n lewensplan.

Vir die kind is die lewe 'n reeks onsamehangende brokstukke, dog in die adolessente stadium tree 'n geheelbeeld van die lewe na vore, waarby die blik hoofsaaklik op die toekoms gerig is en 'n lewensideaal vorm begin aan te neem wat moet dien as model vir die vorming van die ideale Ek. Tot die verwesenliking van hierdie ideaal werk alle innerlike kragte saam teenoor remminge van binne en van buite. Die remminge verhinder dikwels dat die ideaal bereik word, waardeur dan 'n minderwaardigheidsgevoel of 'n gevoel van verydeling ontstaan waarvoor kompensasie weer langs allerlei weë gesoek word. Hierdie kompensasiemiddele kan slegs begryp word indien die onderliggende oorsake nagespoor kan word, wat egter moei-

lik is, omdat die grenslose geslotenheid van hierdie leeftyd alles bedek.

3. Inskakeling in die lewensverbande.

Voorbereiding vir inskakeling by alle lewensverbande geskied reeds in die kinderjare, aangesien die kind in staat is om estetiese waardes, waarheid en religie op te neem net soos wat hy die betekenis van nuttigheid, liefde en heerskappy begryp. Die verhouding van die kind tot die gebied van betekenis en waarde verskil egter van dié van die adolessent. Aanvanklik dring hierdie elemente nog nie as fasette van die lewe tot die bewussyn deur nie en die jeug neem hierdie verhouding in hom op veel subjektiewer, wyse, met minder toewyding en met die karakteristieke adolessente-klem op die self-belewenis daarvan hetsy ter aanvaarding, hetsy ter verwerping. Die geestesprodukte word nie meer aanvaar as vanselfsprekende feite nie, maar word met eie belewing gevul en word nou eers opgemerk, gewaardeer en beleef. Eie waardebepaling neem 'n aanvang, omdat die jeugdige mens begin het om self te oordeel. Ten slotte ontstaan die moontlikheid om aktief mee te werk aan die kultuur eers in die adolessente tydperk. Die kind staan reseptief teenoor die kultuurgoedere en werk hoogstens nabootsend saam. Nou neem eie kunsvoortbrenging, eie nadenke, eie sosiale kringvorming, eie religieuse lewensondervinding 'n aanvang, en al is die bydrae tot die kultuurgoedere maar gering begin hy nou ook bekwaam word om te produseer en by te dra op hierdie gebied en nader derhalwe ook in daardie opsig die volwasse stadium.

Die aangewese opvoedkundige optrede teenoor die adolessent is „omhoog heffend begrijpen" met erkenning van die feit dat hy nie meer 'n kind is nie. As jongmens staan hy op die drumpel van volwassenheid en hy behoort

[illegible] as sodanig erken, verwelkom en binne gelei te word. Word hy teengegaan, verstoot of weggewys, bly sy behoefte aan waardering en erkenning onbevredig en verskuif hy die swaartepunt van sy bestaan na 'n sfeer, bv. 'n portuurgroep, waar die maatstaf van die volwassene uitgesluit is. En dit kan uitloop op bendevorming met alles wat daarmee gepaard gaan, wat ons dan nou bring by die bespreking van die portuurgroep as verskynsel van opvoedkundige belang in die kinderlewe, veral in die koskool.

## IV. Portuurgroepe.

Die neiging wat kinders in groot huisgesinne openbaar om volgens hul ouderdomme groepies binne die gesinseenheid te vorm[2], het ook sy ewebeeld in die kindersamelewing in die vorm van portuurgroepe wat dikwels waargeneem word as groepies kinders wat speel of op een of ander wyse die tyd verwyl, oënskynlik as vriendekringe. Daar is egter meer met die saak gemoeid as wat op die oog af voorkom.

### 1. Portuurkultuur.

In die kindersamelewing bestaan 'n lewenswyse geskoei op die volwasse patroon wat getipeer kan word as portuurkultuur, omdat daar 'n gradering in vlakke op 'n ouderdomsbasis merkbaar is. Die grootste meerderheid van die kinders van 'n bepaalde ontwikkelingspeil, indien nie almal nie, volg dan ook die gangbare leefwyse vir daardie ontwikkelingsfase, ook t.o.v. kleredrag, haarstyl, spreek- en segswyses en belangstellings.

Hierdie kultuur openbaar baie van die trekke van die [illegible]

---

1. Gordon, J.: The Teacher as 'n Guidance Worker, 125 e.v.
2. Coetzee, J.Chr.: Ons en ons kinders, 8.

volwasse gemeenskappe, d.w.s. daar bestaan doelstellings, standaarde of waardes en gedragskodes waarvan sommige openbaar, dog die meeste verborge, is maar wat nietemin algemeen begryp en aanvaar word. Soos op die volwasse vlak, is daar op hierdie gebied ook onderverdelings in kleiner groepe op die verskillende vlakke, alhoewel 'n kind nie noodwendig by so'n groep hoef aan te sluit nie.

2. Die wese van die portuurgroep:

Die portuurgroep is 'n hegte eenheid en die lojaliteit van die lede teenoor mekaar en teenoor die groep is so sterk dat lede soms jare lank in dieselfde groep verkeer. Soos wat die lede ouer word, ontwikkel hul sin vir waardes, word hul gedragspatrone gewysig, word ander vereistes vir lidmaatskap gestel, word die organisasie gewysig om aan te pas by nuwe omstandighede, ens., dog die lidmaatskap word gehandhaaf.

'n Groep het ook sy eie doelstellings wat dikwels verborge is, maar geen groep bestaan sonder doelstellings nie. Alle groepe wat informeel georganiseer is, het die volgende eienskappe:

a) Gemeenskaplike belange van die lede wat bevorderlik is vir die behoefte aan gesamentlike verkeer.

b) 'n Hiërargiese struktuur.

c) Norme en standaarde waarvolgens die aktiwiteite binne die groep gereël word.

d) Elke groep is uniek: al neem dit sommige standaarde en gedragswyses by die algemene portuurkultuur oor, het dit sy eie ontwikkelingsgeskiedenis, sy eie klimaat vir onderlinge verkeer, sy eie gewoontes en kodes.

3. Funksies van die portuurgroep:

a) Die groepe voorsien in sekere behoeftes van die kin-

ders:

(i) Hulle skep geleentheid vir die liggaamsontwikkeling by wyse van spiermanipulasie, kragtoere, die ontwikkeling van liggaamlike vaardighede e.d.m.

(ii) Hulle voorsien in indiwiduele behoeftes wat voortvloei uit die ontwikkelingstadia van die lede soos die behoefte aan leiding en sekuriteit in die stryd om onafhanklik te word van die ouers, bevrediging van die weetdrif (die groep bied geleentheid vir proefneming met geslagsaangeleenthede, gevaar, interpersoonlike verhoudings, ens.), bevrediging van die geldingsdrang, e.d.m.

b) Die groep het ook 'n opvoedingsfunksie.

Dit dra, beskut en bou die portuurkultuur uit soos die huisgesin dit met die volwasse kultuur doen.

Dit ontwikkel by die lede 'n sin vir waardes, standaarde en sosiale norme deurdat hulle ervaar wat die groep van sy lede verwag en hulle verplig ag om aan die verwagtings te voldoen. Aan prestasie, bv., eers op die gebied van die fisiese vermoëns soos krag en uithouvermoë en later op sosiale gebied, word baie waarde geheg; verwaandheid word beskou as 'n ernstige oortreding, terwyl hooghartigheid verbode is.

Verder word gesindhede soos lojaliteit, die erkenning van ander se regte, verantwoordelikheidsbesef, koöperasie en hulpvaardigheid ontwikkel, terwyl vaardigheid op die gebied van sosiale verkeer bevorder word bv. deur vrees, angs of skaamte vir die teenoorgestelde geslag te elimineer.

Die wyse waarop die gesindhede ontwikkel word, mag verontrustend wees vir volwassenes, alhoewel die gesindheid self hoog geag word. Lojaliteit mag bv. beoefen word deur lede te verplig om 'n medelid met leuens te beskerm as hy 'n misstap begaan het en selfs om die owerheid

te bedrieg as 'n lid in die moeilikheid beland het. Nietemin bly hulle groepe waar voortreflike gesindhede ontwikkel word, al kan hul metode nie goedgekeur word nie. Hulle vul die huis en die skool aan en help met die voorbereiding vir die lewe in die volwasse gemeenskap.

4. Toepassing van die verskynsel in die opvoeding:

Afgesien van die opvoedingswerk wat deur die groepe verrig word, vind die verskynsel sy toepassing in die skool by die klassifikasie van leerlinge, binne- en buitemuurs, in jeugorganisasies, -klubs, -verenigings, ens. en dit kan selfs aangewend word om in emosionele behoeftes van leerlinge te voorsien, bv. bevrediging van die primêre drange, en waar die adolessent dikwels sy toevlug tot sulke groepe neem omdat hy hom ontuis voel by sowel kinders as volwassenes[1] is hierdie verskynsel van besonder belang by die kosskool.[2] Benewens hierdie positiewe waarde wat die portuurgroep kan hê, het dit egter ook sy negatiewe aspek, want dit gebeur dat hierdie groepe kan ontaard in bendes met allerlei sondige bedrywighede.

## F. VEREISTES WAARAAN 'n OPVOEDER BEHOORT TE VOLDOEN.[3]

Blykens die innige verband tussen lewens- en wêreldbeskouing en opvoeding is dit die belangrikste taak van die opvoeder om die lewens- en wêreldsbeskouing van die huidige aan die volgende geslag oor te dra[4] wat slegs dan moontlik is wanneer die opvoeder self beklee is daarmee, aangesien hy tog nie iets kan oordra wat hy nie besit nie. Benewens hierdie primêre eis wat aan die

1. Kyk bl. 21.
2. Kyk bl. 21.
3. In hierdie afdeling word die gedagtegang van dr. J. Waterink in sy Theorie der Opvoeding (bl. 85 e.v.) gevolg, behalwe waar anders gemeld word.
4. Kyk bl.1.

opvoeder gestel word, is daar langs empiriese weg nog talle vereistes versamel waaraan die opvoeder behoort te voldoen[1], dog hier word slegs aandag geskenk aan daardie trekke wat betrekking kan hê op die uitvoering van die opvoedingsfunksie in ooreenstemming met die Christelike lewens- en wêreldbeskouing om die opvoedeling te vorm tot 'n mens van God tot alle goeie werk volkome toegerus. Daarbenewens word in gedagte gehou dat die onderwyser in die middelbare skool meer met sy vak te doen het as met die kind, dog na skoolure in die kosskool word sy funksie omgekeer: nou het hy meer met die menslike in die jongmens te doen en baie minder met sy vak.

Benader uit hierdie oogpunt, word die volgende vereistes van belang geag:

I. Verantwoordelikheidsbesef, en liefde:

Voglens die Christelike beskouing is die huwelik deur God ingestel met die oog op gesinsvorming sodat die menslike geslag opgebou kan word deur die verwekking en die grootmaak van kinders wat sowel die liggaamlike as die geestelike versorging van die kind behels sodat hy na liggaam -- 'n tempel van God -- en na gees kan kom tot vrees en diens van die Here[2].

Sodra 'n kind gebore word, ontstaan die spesifieke verhouding ouer-kind en volg die verantwoordelikheid om op te voed. Hierdie verantwoordelikheidsbesef berus nie net op die feit dat die ouers die fisiese en natuurlike oorsaak is van die kind se geboorte nie, want dit berus nie op redelike gronde nie, maar kom van binne en word intuïtief aangevoel as gevolg van die liefde wat vir die kind gevoel word.

Bokant hierdie natuurlike grond vir die oueropvoe-

---

1. Coetzee, J. Chris: Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, 74.
2. Coetzee, J. Chris: Ons en ons kinders, 23 e.v.

ding staan egter 'n Godgegewe opdrag om op te voed. Hierdie opdrag setel in die verbond van God met Abraham waarvolgens die Christelike ouers dan ook die kind tot die doop bring en waardeur hulle tot die opvoeding verbind word. Die verantwoordelikheid berus dus in die eerste instansie by die ouers om die kind op te voed, dog waar omstandighede dit vir die ouers onmoontlik maak, kan die opvoeding namens hulle deur iemand anders onderneem word, maar dan alleen as die ouers die gesag daartoe verleen.

In die opvoeding kom daar nog 'n element by, nl. die gesag wat in liefde beoefen en in liefde erken moet word. Gesag wat sonder liefde beoefen word, is nie opvoeding nie, maar oorheersing deur oormag; en liefde wat betuig word sonder gesag, loop uit op verwenning. Daarteenoor moet die opvoedeling hom in liefde aan die gesag onderwerp, want word die liefde versmaai, bly net die gesag oor en moet tug volg. Die opvoeder moet gesag met liefde en verantwoordelikheid beoefen en die opvoedeling moet hom in liefde daaraan onderwerp.

So is daar dan twee essensiële kwalifikasies wat 'n opvoeder moet hê, nl. verantwoordelikheidsbesef en liefde en dit geld ook vir diegene wat ander se kinders opvoed.

Die wese van hierdie liefde word in I Korinthiërs 13 ook vir die opvoeder pittig saamgevat in verse 4 tot 7: „Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles".[1]

---

1. Die Bybel met verklarende aantekeninge, deel III, 480, e.v.

Volgens Gordon het ondersoek wat op hierdie gebied ingestel is[1], ook nog die volgende kenmerke van liefde aan die lig gebring:

1. Dit behels 'n groter of kleiner mate van empatie met die voorwerp van die liefde.
2. Die liefhebbende dra die welvaart, geluk en ontwikkeling van die geliefde op sy hart en skep behae daarin om sy hulpbronne en ervaring tot die beskikking van die geliefde te stel ter bevordering van sy welvaart, geluk en ontwikkeling.
3. Die liefhebbende aanvaar die enigheid en individualiteit van die geliefde ten volle en respekteer dit.

II. Roepingsbewustheid.[2]

Verantwoordelikheid en liefde hang saam met roepingsbewustheid, d.i. bewuste sedelike binding aan die taak of beroep m.b.t. die aard van die beroep sowel as die plek waar dit beoefen word. Die binding is sedelik van aard, omdat dit voortvloei uit erkenning en aanvaarding van die feit dat die bereep beoefen word in gehoorsaamheid aan en uit liefde tot God wat geroep het. Roepingsbewustheid beoog berusting, blymoedigheid, en arbeidsvreugde aan die mens, want dan „krijgt hij zelf zijn taak en zijn opdracht, zijn lot en zijn situatie lief als het hom eigene; zo leert hij aan dit alles gebonden te zijn en zo leert hij ook verantwoordelijkheid voor de eigen taak, de eigen roeping en het eigen lot, dat hij leert liefhebben"[3].

III. Godsvrug.

Die hele optrede van die opvoeder moet beheers, oor-

---

1. Gordon, J.: The teacher as a guidance worker, 86-87.
2. Waterink J.: Theorie der Opvoeding, 402 e.v.
3. Ibid, 405.

heers en bepaal word deur die verordeninge van God; daaraan moet sy eie lewe geken en gemeet word en daarheen moet hy die opvoedelinge lei.

IV. Eenheid van belydenis en belewenis.

Die eenheidsbeginsel wat fundamenteel is in die opvoeding verg dat belydenis en belewenis in die lewenswandel van die opvoeder 'n harmoniese eenheid gefundeer in die Heilige Skrif moet wees, en dat daar nie 'n enkele dualisme mag bestaan tussen religie en lewenspraktyk, tussen geloof en lewensbeskouing nie, aangesien dit tweespalt en twyfel in die kindergemoed wek.

V. Kennis van die kind.

Die opvoeder moet weet wat in die opvoedeling omgaan, hoe hy handel, wat die dryfvere vir sy handelwyse is en wat sy basiese geestesbehoeftes en die behoeftes voortvloeiende uit sy ontwikkelingsfase is, sodat hy gesond kan ontplooi en gevorm word en ontsporing vermy kan word. Hy moet begryp dat 'n kind meer emosioneel en impulsief as redenerend handel en dat oorsaak en gevolg by die kinderhandeling nie dieselfde rol speel as by volwassenes nie.

Dit beteken nie noodwendig dat ook ouers 'n diepgaande studie van die kindersielkunde hoef te maak nie, maar wel dat hulle hul kinders in liefde moet probeer verstaan, en om dit te kan doen moet die intuïsie ingeskakel word om langs die weg van intuïtiewe nalewing tot begrip te kan kom van die handelinge, want daarsonder kan 'n juiste oordeel nie gevel word nie en kan die nodige voorligting nie met liefde en insig gegee word nie.

VI. Wysheid, nugterheid, gesonde verstand.

Kennis van die opvoedeling is nodig, maar dit moet

met wysheid, nugterheid en gesonde verstand toegepas word, omdat dit effektiewer is as wanneer daar na perfeksie op teoretiese grondslag gestrewe word. Die wete dat die kind dit nog moeiliker as die opvoeder vind om nie te sondig nie omdat hy handel soos 'n kind, beteken egter nie dat die teregwysing agterweë moet bly nie.

VII. Geduld en selfbeheer.

Die opvoeder moet geduld beoefen in sy optrede teenoor die opvoedeling en nie haastig, driftig of liggeraak wees nie, omdat dit verwydering bring wat nadelig is vir die opvoeding. Dit beteken nie dat die optrede altyd vriendelik hoef te wees nie, maar wel dat wanneer onvriendelik en bestraffend opgetree word, dit in liefde moet geskied en dat die opvoedeling bewus moet wees van daardie gesindheid.

VIII. Ervaring.

In die teregwysing moet die lewenservaring van die opvoeder sy rol speel deur te laat blyk dat hy die situasie waarin die opvoedeling verkeer, herken en deur dit vanuit daardie oogpunt te benader sodat die opvoedeling kan besef dat hy met 'n ervare leidsman te doen het wat die eise van Gods woord nie soos „droog brood" aan hom wil aanbied en oordra nie. „De opvoeder moet een mens zijn in wie de eisen, die God aan het leven stelt, gestalte gekregen hebben. Zo lang de opvoeder het gevoel heeft dat hy hier staat en dat er een dosis geboden van God is, die daar ginds liggen en die hij nu moet doorgeven en inleveren bij het kind, is hij geen opvoeder."[1]

1. Waterink, J.: Theorie der Opvoeding, 100.

IX Selfvertroue.

Die opvoeder moet selfvertroue hê om te verseker dat hy sy gesag op die regte wyse sal beoefen. Die onbewuste angs wat uit die gebrek aan selfvertroue voortvloei, kan daartoe lei dat hy onder die waan verkeer dat sy gesag nie erken word nie met die gevolg dat hy sy toevlug tot despotiese optrede neem. Daarmee verdwyn die essensiële element van die liefde en gaan die harmonie tussen opvoeder en opvoedeling tot niet.

X. Voorbeeldigheid, eerlikheid, ootmoedigheid, grootmoedigheid.

Die godvrugtige lewensbeskouing verg van die opvoeder dat hy sal poog om alles te vermy wat hom kan openbaar as iemand wat 'n lewe lei wat teenstrydig is met Gods orde en dat hy nie deur valse skaamtegevoel of verkeerde eersug uit angs sy swakhede, tekortkominge en gebreke sal probeer verberg nie. In ootmoed moet hy berou betoon en sy sonde en oortredinge bely. Hy moet eerlik genoeg wees om selfs onkunde te erken indien hy 'n vraag van 'n kind nie kan beantwoord nie en grootmoedig genoeg om ook van 'n kind vergewing te vra as hy teen hom gesondig het. Indien dit gepaard gaan met wysheid, word hy slegs aanneemliker vir die opvoedeling, terwyl hy daarteenoor die opvoedeling se vertroue verbeur indien hy hom voordoen as iemand wat foutloos is en wat alles weet.

Indien hy nie daartoe in staat is nie en daarby 'n karaktergebrek het waardeur dergelike situasies meermale ontstaan, moet hy hom om sy eie ontwil en die opvoedeling s'n aan die opvoeding onttrek.

G. SAMEVATTING.

Opvoeding hang ten nouste saam met lewens- en wêreld-

beskouing. Daarin lê die mens se lewensideaal opgesluit en daarvoor koester hy 'n drang tot oorplanting sodat opvoeding sonder lewens- en wêreldbeskouing ondenkbaar is.

Opvoeding is die aktiwiteit wat deur volwasse opvoeders daarop tegespits word om onvolwasse opvoedelinge deur groei en ontwikkeling, deur voorbereiding vir en inen aanpassing by die omgewing en gemeenskap, en deur leiding, vorming en toerusting tot volwassenheid te laat kom. Daarvoor is nodig liggaamlike, verstandelike, emosionele, sosiale, nasionale, kulturele, estetiese en veral ook sedelike en godsdienstige opvoeding, maar dit moet 'n organiese eenheid wees wat doelgerig en planmatig op die uiteindelike doelstelling, die ideaal, van die opvoeding toegespits word, nl. om die hele persoonlikheid te probeer vorm tot 'n mens van God wat volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

Benewens die planmatige opvoeding is daar nog faktore en invloede wat vormend op die mens inwerk en wat georganiseer en aangewend kan word, met die doel om op te voed.

Die sedelik-godsdienstige vorming van die mens, 'n beelddraer en skepsel van God, is die einddoel in die Christelike opvoeding en word spesifiek gerig op die wils-, karakter- en gewetensvorming sodat hy die Wet van God sal aanvaar as lewensreël en as norm vir die sedelike beoordeling van sy handel en wandel.

Die opvoedeling is 'n onvolwasse, onselfstandige, wordende mens wat die vermoë besit om te groei en ontwikkel. Kenmerkend van sy wese is langdurige onrypheid, hulp- en sorgbehoewendheid en plastisiteit wat van opvoedkundige belang is. Daarby is hy 'n tweeledige eenheid van siel en liggaam wat by uitnemendheid toegerus is vir die opvoeding met sy sintuie, senuweestelsel,

brein, bewuste en selfbewuste lewe waardeur hy 'n redelike sedelike, godsdienstige wese word. Ten slotte is hy deur God geskape as kroon van die skepping en beelddraer van God self. As gevolg van die sondeval, is hy met sonde besmet reeds van sy geboorte af en is hy dus 'n verworde, gevalle beeld wat egter uit hoofde van die verlossingsplan weer opgebou kan word om meer in ooreenstemming met die oorspronklike te kom deur via die opvoeding die sonde te bestry.

Vir sy gesonde geestelike groei en ontwikkeling moet daar voldoen word aan verskeie basiese behoeftes van die opvoedeling, nl. aan die behoeftes van veiligheid, ouerlike aandag, erkenning, gelding en bewegingsvryheid en 'n simpatieke gesindheid teenoor die opvoedeling is derhalwe 'n essensiële vereiste. Indien die drange onbevredig bly, tree emosionele onstabiliteit in wat aanleiding gee tot afwykende gedrag.

Benewens die basiese behoeftes wat by alle ouderdomme teenwoordig is, bring elke ontwikkelingsfase sy eie behoeftes mee. So verkeer die adolessent op die stadium waar hy hom losmaak uit die huisgesin, homself as individu probeer vind, 'n lewensplan vir homself probeer uitwerk en inskakeling by die lewensverbande soek. Hy verkeer nou op die oorgangstadium tussen kind en volwassene en dit is vir hom 'n moeilike fase waar geslagsryping plaasvind en hy homself nie altyd begryp nie, wat spanninge veroorsaak ook omdat hy nie meer by kinders inpas en ook nie by grootmense tuishoort nie. Die neiging is derhalwe om ontvlugting te soek in 'n portuurgroep wat op bendevorming kan uitloop.

Die portuurgroep handhaaf die portuurkultuur wat baie van die trekke van die volwasse kultuur toon soos doelstellings, standaarde, gedragskodes, e.s.m. Dis heg-

te eenhede waar sterk lojaliteit heers en hulle het kenmerke soos gemeenskaplike belange, 'n hiërargiese struktuur, norme e.s.m. Hulle maak o.a. voorsiening vir individuele behoeftes wat voortvloei uit ontwikkelingstadia soos die adolessensie. Die portuurgroep het ook 'n opvoedingsfunksie, want dit dra en beskut die portuurkultuur, dit ontwikkel by lede 'n sin vir waardes en kweek gesindhede soos lojaliteit. Dit kan nuttig aangewend word deur die skool by die klassifikasie van leerlinge en kan ook aangewend word om in emosionele behoeftes te voorsien soos bv. dié van die adolessent.

Die opvoeder moet aan hoë eise voldoen. Hy moet gekenmerk word deur verantwoordelikheidsbesef en liefde wat albei essensieel is vir opvoeding en hy moet onder opdrag staan wat altyd sedelik, soms ook amptelik, van aard is. Hy moet deur bewuste sedelike binding aan sy taak tot roepingsbewutheid kom, godvrugtig wees en sy belewenis en belydenis moet 'n harmoniese eenheid wees. Hy moet 'n kenner wees van die kindergemoed en sy kennis met wysheid, nugterheid en gesonde verstand toepas. In sy optrede teenoor die opvoedeling moet hy geduld en selfbeheer beoefen sodat daar nie verwydering tussen hulle kom nie. Hy moet ervare wees sodat hy met begrip kan handel ook wanneer hy teregwys. Om sy gesag op die regte wyse te kan beoefen, moet hy selfvertroue hê om te verhoed dat onbewuste angs dat sy gesag nie erken word nie, hom tot despotiese optrede voer wat die essensiële element van die liefde laat verdwyn. Hy moet voorbeeldig wees in sy lewenswandel, eerlik genoeg om sy foute, gebreke en tekortkominge in ootmoed te kan bely, en grootmoedig genoeg om ook van 'n kind vergewing te vra as hy teen hom gesondig het. Indien hy nie daartoe kan kom nie en ook nog 'n karaktergebrek het wat veroorsaak dat sulke situasies herhaaldelik voorkom, moet hy hom van die opvoeding onttrek.